higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1030**(A)**(N19)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUUR: BOERDERY N4

(4090544)

19 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUUR: BOERDERY N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Watter EEN van die volgende is nie 'n tussenganger onder die rolspelers in landbou nie?

A Verspreiders
B Verwerkers
C Verskaffers
D Produsente

1.1.2 Watter EEN van die VIER produksiefaktore val in die kategorie menslike hulpbronne?

A Grond
B Arbeid
C Kapitaal
D Entrepreneurskap

1.1.3 Om wins te verhoog, is die hoofaandrywer in hierdie ekonomiese stelsel:

A Gemengde ekonomie
B Sosialisme
C Kapitalisme
D Kommunisme

1.1.4 In ... het Suid-Afrika en Malawi 'n handelsooreenkoms onderteken om die vloei van goedere tussen die twee lande te reguleer.

A 1986
B 1990
C 1989
D 1910

1.1.5 Hierdie Wet het die prysvasstellingsbeleid in die mieliebedryf van koste-plus sydigheid ('bias') na 'n meer markgeoriënteerde stelsel verander:

A Arbeidswetgewing in landbou
B Deregulering van bemarking kragtens die Wet op Bemarking van 1968
C Veranderings in die direkte begrotingsbesteding op landbou
D Liberalisering van prysbeheer kragtens die Wet op Bemarking van 1968

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.2 Trek die tabel hier onder in die antwoordboek en tabuleer die voordele en nadele van die volgende belangrikste vorme van ekonomiese stelsels:

EKONOMIESE STELSEL	VOORDELE	NADELE
Kapitalisme		
Kommunisme		
Sosialisme		

(3 × 2) (6)

1.3 Die hoofdoelwit van landboubeleid is om die ontwikkeling van landbou op só 'n manier te lei dat die produksiefaktore doeltreffend benut word.

1.3.1 Noem DRIE makroëkonomiese instrumente wat gebruik kan word om die landboubeleid uit te voer. (3)

1.3.2 Verduidelik elk van die instrumente/beleid wat in VRAAG 1.3.1 genoem word. (3 × 2) (6)

1.4 Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae.

SUID-AFRIKAANSE BBP

Volgens Trading Economics se wêreldmakromodelle en ontleders se verwagtinge sou Suid-Afrika se BBP teen die einde van die eerste kwartaal van 2016 sou BBP na verwagting 360.00 USD miljard wees. In die langtermyn word daar geskat dat Suid-Afrika se BBP in die omgewing van 420.00 USD miljard in 2020 sal wees, volgens die land se ekonometriese modelle. Dit is iets waarna elke land streef aangesien dit 'n aanduider van die land se ekonomiese prestasie is. 'n Beduidende daling in 'n land se BBP kan onder andere toegeskryf word aan depressie en werkloosheid.

Die ander kwessie waarmee lande gemoeid is (Suid-Afrika ingesluit) is die een van die land se betalingsbalans. Die betalingsbalans is 'n aanduider van geld wat die land inkom en uitgaan. Hierdie vloei van geld word bepaal deur die sigbare invoere en uitvoere, die onsigbare uitvoere en invoere, en die beweging van kapitaal na en van die land word in ag geneem. Daar is dus 'n duidelike verband tussen BBP en die betalingsbalans, en albei is van belang in landboupryse. Dit beteken dus dat 'n lae BBP of hoë BBP die land se ekonomie affekteer.

1.4.1 Definieer die konsep *BBP*. (2)

1.4.2 Wat sal die impak van die verlaagde BBP op die land as geheel wees? (2)

Kopiereg voorbehou

1.5 Beantwoord die volgende vrae gebaseer op 'n land se BBP:

1.5.1 Waarvoor staan die afkorting BBP? (1)

1.5.2 Skryf die afkorting BBP uit. (2)

1.5.3 Gee TWEE faktore wat 'n negatiewe uitwerking op die land se BBP kan hê. (2)

1.6 Daar word verwag dat die bevolkingsgroeikoers oor die volgende 20 jaar met 2,26 % per jaar sal styg. 'n Styging in die bevolking beteken 'n verhoging in die vraag na voedsel. 'n Styging in die bevolking dui ook op die potensiële toekomsmarkte vir die Afrika-bevolking.

Noem DRIE afleidings wat gemaak word met betrekking tot die verwagte Suid-Afrikaanse bevolkingstyging. (3 × 2) (6)

[35]

VRAAG 2

2.1 Definieer die volgende terme:

2.1.1 Boerderybestuur

2.1.2 Toevallige gebeure

2.1.3 Regmatige mag

(3 × 2) (6)

2.2 ' 'n Bestuurder se taak is primêr een van daaglikse besluitneming.'

2.2.1 Noem VIER basiese stappe van 'n *rasionele besluit*. (4)

2.2.2 Beskryf wat elke stap van 'n rasionele besluit wat in VRAAG 2.2.1 genoem word, behels. (8)

2.3 Goed omskryfde boerderydoelwitte stel 'n duidelike riglyn van wat in die boerderybesigheid bereik moet word.

2.3.1 Noem DRIE kategorieë doelwitte volgens die tydperk. (3)

2.3.2 Stel doelwitte vir jou ontluikende braaikuikenproduksiebesigheid gebaseer op die aspekte wat hier onder gegee word as 'n riglyn.

NB: Doelwitte moet altyd aan die 'SMART'-beginsel voldoen.

(a) Winsgewendheid
(b) Produktiwiteit
(c) Werknemerbemagtiging

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

2.4 Die plaasbestuurder moet die beskikbare hulpbronne op so 'n manier organiseer dat die beste moontlike produksie bereik word.

2.4.1 Bespreek hoe jy werknemers in jou boerderybesigheid sal organiseer. (6)

2.4.2 Noem DRIE vorme van organisasiestrukture wat algemeen in die landbousektor voorkom. (3)

2.4.3 Verduidelik elkeen van die DRIE organisasiestrukture wat in VRAAG 2.4.2 genoem word. (6)

2.4.4 Stel DRIE omstandighede voor wat veranderings aan die organisasiestruktuur van jou plaas sal noodsaak. (3)

[45]

VRAAG 3

3.1 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 'n Nuwe werknemer word vertroud gemaak met die prosedures, reëls en praktyke op die plaas

3.1.2 Dit voorspel die vloei van toekomstige gebeure gebaseer op gegewe inligting en voorspelde verwagtings

3.1.3 Die ontwikkeling van 'n langtermyn strategie om 'n plaas se missie te verwesenlik

3.1.4 'n Instrument wat gebruik word in die evaluering van kapitaal en arbeid

3.1.5 'n Skriftelike dokument wat die boer se doelwitte en projeksies in finansiële terme vir 'n spesifieke tydperk uitdruk

(5 × 1) (5)

3.2 Op werkers op plase op te lei, is nog 'n manier wat boere gebruik om hulle werkers se produktiwiteit te verhoog.

3.2.1 Noem die DRIE kategorieë van opleiding wat aan jou werknemers aangebied kan word. (3)

3.2.2 Stel VIER strategieë voor wat die opleier kan gebruik om die doeltreffendheid van die opleiding van werknemers te verseker. (4)

Kopiereg voorbehou

3.3 'Verskillende prestasiestandaarde word op 'n plaas gebruik om die beheerfunksie suksesvol uit te voer.'

3.3.1 Verduidelik die volgende konsepte wat as prestasiestandaarde in 'n plaasbesigheid gebruik word.

(a) Solvensie
(b) Likiditeit
(c) Bruto produksiewaarde

(3 × 2) (6)

3.3.2 Dui 'n geskikte meetinstrument aan wat jy sal gebruik vir elkeen van die volgende prestasiestandaarde.

(a) Groei in netto waarde
(b) Gemiddelde speenmassa
(c) Hefboomverhouding ('gearing ratio')

(3 × 1) (3)

3.4 Jy is plaasbestuurder van Feed the Nation farm in die Vryheid-area. Die plaas spesialiseer in pluimvee-, groente- en mielieproduksie.

3.4.1 Noem die VYF stappe wat jy sal volg wanneer jy 'n gewasproduksie-afdeling beplan. (5)

3.4.2 Verduidelik hoe jy die volgende beplanningstegnieke by Feed the Nation farm sal toepas.

(a) Prosedures
(b) Begroting
(c) Kalender van aktiwiteite

(3 × 2) (6)

3.4.3 Wat is die VIER moontlike beperkings wat jy in jou beplanning kan ervaar? (4)

3.4.4 Plaaswerkers (werknemers) wil veilig in hulle werk voel en respek vir hulle werkgewer hê.

Noem VIER aspekte wat 'n bestuurder van 'n plaas moet doen om 'n doeltreffende leiersfunksie te verseker. (4)

[40]

VRAAG 4

4.1 Die tabel hier onder gee inligting oor die gemiddelde verkoopsprys en gemiddelde hoeveelheid wat verkoop is. Bestudeer dit en beantwoord die vrae:

GEMIDDELDE VERKOOPSPRYS (R/Sak)	GEMIDDELDE HOEVEELHEID VERKOOP (Sakke/Week)
5	2 500
10	1 000
15	800
20	500
25	250

4.1.1 Gebruik die syfers in die tabel en konstrueer 'n lyngrafiek waaruit sekere gevolgtrekkings gemaak kan word. (6)

4.1.2 Maak afleidings uit die grafiek wat in VRAAG 4.1.1 getrek is van die prys waarteen die kleinste hoeveelheid sakke aartappels deur die verbruikers gekoop is. (1)

4.1.3 Staaf jou antwoord in VRAAG 4.1.2. (1)

4.1.4 Gee TWEE redes vir die skommelings van die hoeveelheid sakke aartappels wat te koop aangebied is. (2)

4.1.5 Identifiseer die tipe grafiek wat jy in VRAAG 4.1.1 getrek het. (1)

4.1.6 Gee die naam van die grafiek wat in teenstelling is met die een wat jy in VRAAG 4.1.1 getrek het. (1)

4.1.7 Onderskei tussen die grafiek wat jy in VRAAG 4.1.5 geïdentifiseer het en die grafiek gegee in VRAAG 4.1.6. (2 × 1) (2)

4.2 Verduidelik kortliks hoe die volgende faktore die verskaffingsposisie van die boer affekteer:

4.2.1 Aard van die landbouprodukte

4.2.2 Klein produksiehoeveelhede

(2 × 3) (6)

4.3 Verskillende benaderings is ontwikkel om komplekse landboubemarking-stelsels te ontleed.

4.3.1 Noem die DRIE benaderings tot landboubemarking. (3 × 1) (3)

4.3.2 Verduidelik elkeen van die DRIE benaderings wat in VRAAG 4.3.1 genoem is. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

4.4 Noem enige TWEE sekondêre aktiwiteite van die landboumark. (2)

4.5 Verduidelik die volgende konsepte met betrekking tot landboubemarking.

4.5.1 Pryselastisiteit van vraag

4.5.2 Inkomste-elastisiteit van vraag

4.5.3 Konstante elastisiteit

(3 × 2) (6)

4.6 'Die Suid-Afrikaanse verbruikersmark is 'n dualistiese mark.'

Verduidelik die konsep *dualistiese mark* met betrekking tot die Suid-Afrikaanse verbruikersmarkte. (3)
[40]

VRAAG 5

5.1 Dui aan of die volgende aktiwiteite sal STYG of DAAL as die vraag na 'n produk onelasties is. Skryf slegs 'Styg' of 'Daal' langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Verkope

5.1.2 Prys van 'n produk

5.1.3 Wins

5.1.4 Produksie

(4 × 1) (4)

5.2 Noem die VIER faktore wat die hoofbesluitnemingskwessie beïnvloed wanneer daar op die bemarking van 'n produk besluit word. (4)

5.3 Noem VIER strategieë wat in Suid-Afrika gebruik is om pryse in die landbou te stabiliseer. (4)

5.4 Bestuursoriëntasie teenoor bemarking met deur die jare verander, dus was daar 'n evolusie, drie hoofbemarkingsoriëntasies bestaan egter, naamlik produksie, verkope en bemarking of verbruikersoriëntasie.

5.4.1 Definieer die term *bemarking*. (2)

5.4.2 Bespreek die DRIE bemarkingsoriëntasies wat in die sake-omgewing gebruik word. (3 × 2) (6)

5.4.3 Noem VIER unieke kenmerke van 'n *teikenmark*. (4)

Kopiereg voorbehou

5.5 Die meeste pryse van landboukommoditeite in Suid-Afrika is die ekwilibriumpryse wat deur die markkragte gevorm word.

5.5.1 Definieer die term *ekwilibriumprys*. (2)

5.5.2 Skets 'n eenvoudige en benoemde grafiek wat illustreer hoe ekwilibriumpryse gevorm word. (6)

5.6 5.6.1 Noem TWEE hoofverspreidingskanale wat deur boere gebruik word wat statutêr gereguleerde goedere produseer.

5.6.2 Beskryf elk van die verspreidingskanale wat in VRAAG 5.6.1 genoem word.

(2 × 2) (4)

5.7 Noem die eerste VIER stappe wat gevolg moet word in die ontwikkeling van 'n bemarkingstrategie. (4)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou